Nuwejaars retreat:

Kom raak stil voor 2017 se besig-wees jou insluk. Die retreat vind vanaf **Vrydag 27 Januarie 2017 om 18:00 tot Sondagmiddag 29 Januarie om 13:00** by Origins in Krugersdorp plaas. Ons gaan saam dink oor die tema: "Met 2017 se vrese en vreugdes voor God". Daar sal tyd wees vir stilword, stap, skryf en gebed. Gaan loer gerus na Origins se webblad om te sien hoe mooi die sentrum en omgewing is. Die koste vir die naweek beloop R800 en sluit verblyf, 2 aandetes en versnapperinge in. Die res van die etes is elkeen self voor verantwoordelik. Origins se goed toegeruste kombuis is tot ons beskikking.
Verblyf: dubbelkamers met 'n eie badkamer.
Plek is beperk - om jou bespreking te verseker kontak asb. so gou moontlik vir Bets by die kerkkantoor om jou deposito van R400 te betaal.
Vir meer inligting kontak gerus vir
Fay van Eeden 083 478 0854 of
Leanie Oberholzer 083 564 5232.